Die Hoërskool Menlopark

24 Julie 2020

Beste Ouer

MENLO vs COVID: “THE ONLY CONSTANT IN LIFE IS CHANGE”- Heraclitus

President Ramaphosa se aankondiging op 23 Julie het opnuut ’n beroep op ons elkeen se aanpasbaarheid gedoen. Die implikasie van die aankondiging, soos u weet, is dat die Menlo-roeteplan weer sal verander. Die skool wil u egter gerusstel dat die eindbestemming – die suksesvolle afhandeling van die 2020-akademiese jaar – rotsvas staan. **Ons fokus is steeds om aan ELKE Menloparker die geleentheid te bied om ’n VOLWAARDIGE eindeksamen aan die einde van 2020 af te lê.**

Die jaar is skaars verby die halfpadkerf en in ’n kort tyd is die skool, leerders en ouers reeds telkemale ontwrig. Die skool is dank aan elke ouer verskuldig vir die positiewe manier waarop u hierdie aanpassings absorbeer. Ons waardeer u begrip vir die skool se situasie.

Na etlike weke se harde werk, hetsy aanlyn of by die skool, staan ons nou op die drumpel van ’n welverdiende blaaskans. Baie dankie vir die manier waarop u u kind in die afgelope maande ondersteun het en toegesien het dat hy/sy toegewyd werk.

In afwagting op die President se aankondiging, was die personeel, skoolbestuur en beheerliggaam reeds besig om die bestaande Menlo-planne aan te pas en ons beplanning is in ’n gevorderde stadium. Alle beplanning is egter onderhewig aan departementele direktiewe en daarom wag ons eers vir bevestiging voordat ons datums aan u kommunikeer. Sodra die skool meer inligting van die departement ontvang, sal elke leerder van ’n nuwe graadkalender voorsien word.

Op hierdie stadium kan ons onsself tot die volgende datums verbind:

27 Julie tot 2 Augustus	Vakansie vir ALLE leerders
3 Augustus	Die skool heropen vir matrikulante
17 Augustus	Die rekordeksamen begin

Die skool is optimisties oor die moontlikheid om alle leerders van graad 8 tot graad 11 op 24 Augustus terug te verwelkom, maar ons hou u deurgaans op hoogte van departementele verwikkelinge.

Met die vakansie op hande doen die skool ’n hernieude beroep op ouers en leerders om gesondheidsvoorskrifte en Covid-regulasies nougeset na te kom. Dit is van die uiterste belang dat leerders gesond is wanneer die skool heropen sodat hulle vir die eksamen kan voorberei. Afwesighede in die eksamen veroorsaak verdere ontwrigting en stel die afhandeling van die akademiese jaar in gevaar – ’n situasie wat ons ten alle koste wil vermy.

Die skool wens vir u ’n heerlike blaaskans toe en ons sien daarna uit om die jaar te hervat.

Menlo-groete

STEFAN VAN DER WALT	NICO ERASMUS	SCHALK REYNDERS
BL-VOORSITTER	ADJUNKHOOF	HOOF

Atterburyweg, Menlopark, 0081
Tel: (012) 361-7738 e-pos: info@menlopark.co.za
Web: www.menlopark.co.za | Hoof: Mnr. Schalk Reynders